11 Januarie 2012

Geagte Ouers

BUSROETE NA RICHARDSBAAI/EMPANGENI/ESHOWE/MELMOTH/ULUNDI
EERSTE KWARTAAL 2012-01-12

Om te verseker dat die vervoer van u kinders na en van Hoërskool Pionier so glad as moontlik verloop, wil ons graag die volgende reëlings onder u aandag bring:

1. Die koste word volgens die aantal ritte per kwartaal bepaal en sal dus nie elke kwartaal dieselfde bedrag wees nie.

2. **KOSTE: Die koste per leerling vir die EERSTE KWARTAAL 2012 verskyn hieronder in tabelvorm:**

	ULUNDI / MELMOTH	**ESHOWE / ENKWALENI**	**EMPANGENI / RICHARDSBAAI**
Kwartaalliks:	R1030	R1240	R1332
Enkelkaartjie:	R80	R90	R100

3. Hierdie pryse is slegs geldig vir die eerste kwartaal 2012 en is betaalbaar voor of op **Dinsdag, 31 Januarie 2012**.

4. **MANIERE VAN BETALING**

4.1 Busgelde kan kontant of per tjek by leerlinge se **registeronderwysers** inbetaal word.

4.2 Gelde kan in die onderstaande rekening gedeponeer word of per internet na die onderstaande rekening oorgeplaas word. Indien die gelde in die rekening gedeponeer word, word u versoek om die depositostrokie met u **kind se naam en busroete** (afklimpunt) na die skool te **faks** voor of op **31 Januarie 2012**. Indien u per internet betaal word u versoek om asseblief ook die **leerling/e se naam/e en van en afklimpunt** as verwysing te gebruik.

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam	:	Hoërskool Pionier Buskomitee
Bank	:	ABSA
Takkode	:	334 524
Rekeningnommer	:	404 920 2261

L.W: a) Die busgelde moet nie in die skoolrekening in betaal word nie, want die Buskomitee maak gebruik van hul eie rekening.

b) Tjeks moet uitgemaak word aan Hoërskool Pionier Buskomitee en indien ‘n tjek teruggestuur (V/T) word deur die bank, sal die ouer verantwoordelik wees vir die koste van R75.

5. **KORTINGS VIR LEERLINGE VAN HOëRSKOOL PIONIER**

Slegs leerlinge van Hoërskool Pionier kwalifiseer vir die volgende korting:

- Die eerste leerling van 'n gesin moet die volle bedrag betaal, maar elke ander leerling van dieselfde gesin is geregtig op 25 % korting. U moet dit asseblief skriftelik onder die aandag van die Buskomitee bring.

6. 'n **Buskaartjie** sal aan elke leerling uitgereik word sodra die volle busgeld of bewys van betaling ontvang is. Hierdie buskaartjie moet **ten alle tye deur die betrokke leerling getoon word voordat hy/sy op die bus toegelaat sal word**.

L.W: a) **GEEN LEERLING WAT OP DIE RICHARDSBAAI/EMPANGENI BUS RY SAL VANAF 4 FEBRUARIE 2012 SONDER 'N BUSKAARTJIE OP DIE BUS TOEGELAAT WORD NIE.**

b) **GEEN LEERLING MAG TOELAAT DAT ENIGE ANDER LEERLING SY/HAAR BUSKAARTJIE GEBRUIK OM OP DIE BUS TE RY NIE – INDIEN 'N LEERLING GEVANG WORD IN SO 'N GEVAL, KAN DIT GEBEUR DAT HY/SY HUL PLEK OP DIE BUS PERMANENT VERLOOR.**

c) Geen buskaartjies sal **op die bus verkoop word nie**.

d) **Leerlinge van ander skole** sal slegs van hierdie busvervoer gebruik kan maak indien **daar plek op die bus is**, hul toelating is dus voorwaardelik.

e) As 'n leerling se naam nie op die busregister verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie.

7. As gevolg van die vaste koste met die busdiens, het die Buskomitee besluit dat daar geen "slegs Vrydag/Sondagkaartjie" verkoop sal word nie, maar dat alle leerlinge in die toekoms kwartaalkaartjies sal moet koop. Leerlinge mag 'n maksimum van 3 keer per kwartaal 'n enkelkaartjie koop indien hulle nie permanent wil ry nie (mits daar plek op die bus is).

8. Indien nodig, sal daar Donderdae, tydens kontroletoets- of registerperiode in die registerklas 'n lys gemaak word van watter leerlinge die volgende naweek op die bus sal wil ry. Leerlinge moet seker maak dat hul naam wel op die lys verskyn, omdat daar op 'n Donderdag aan die privaat busmaatskappy aangedui moet word hoeveel busse die naweek benodig sal word. Indien 'n leerling se naam nie op die lys verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie. Indien 'n leerling aangedui het dat hy/sy wel gaan ry, maar wie se reëlings verander het en dus nie meer gaan ry nie, **moet hy/sy vir mnr. Coetzee** voor **Vrydag, 08:00** in kennis stel, anders kan hy/sy vir die ekstra koste verantwoordelik gehou word.

9. Indien 'n leerling sy/haar naam opgee om permanent op 'n sekere bus te ry, sal hy/sy verantwoordelik wees vir die volle koste vir die kwartaal.

10. Onderaan is 'n lys van **bustye** en **plekke van arriveer en vertrek** asook **kontakpersone**.

11. Geen leerling mag op 'n ander bus as waarvoor hy/sy betaal het, ry sonder vooraf toestemming by mnr. Coetzee gekry is nie.

12. Leerlinge wat enkelkaartjies wil koop moet dit vóór Donderdae om 13:00 by mnr. Coetzee koop. Enkelkaartjies sal slegs verkoop word indien daar plek op die bus is. **NB**: Omdat die bus na **Richardsbaai/Empangeni** geen oop sitplekke het nie, word **geen enkelkaartjies** vir die bus **verkoop nie**.

13. As gevolg van sportverpligtinge sal daar ongelukkig nie 'n bus op die volgende VRYDAE kan loop nie:

- Vrydag, 2 Maart 2012
- Vrydag, 9 Maart 2012
- Vrydag, 16 Maart 2012

Die busse sal egter wel op die Sondae op gewone tye loop.

14. Gedurende die eerste naweek van die tweede kwartaal (14 April 2012) vind die semi-finale van die Super 12 plaas en gedurende die naweek van 21 April 2012 vind die finaal van die Super 12 plaas. Indien ons skool se spanne daarvoor **kwalifiseer** sal daar op die twee Vrydae (13 en 20 April 2012) ook nie busse loop nie. Ons sal u egter in kennis stel indien hierdie reëlings sou verander (m.a.w. as die spanne nie sou kwalifiseer vir die semi-finale/finaal nie). Jammer oor die ongerief.

15. Geen bedrag is gehef vir die datums waarop die bus nie loop nie.

U is welkom om die skool enige tyd te kontak indien u enige navrae of voorstelle het ten opsigte van die busse.

J.B. COETZEE
DEPARTEMENTSHOOF

R.S. MULLER
SKOOLHOOF

BUSTYE – 2012

BESTEMMING		***VRYDAG*** (Arriveer)	***SONDAG*** (Vertrek) 1e & 4e kw	***SONDAG*** (Vertrek) 2e & 3e kw	***MAANDAG*** (Vertrek) 1e & 4e kw
1.	Dundee	14:25	17:30	17:15	
2.	Ladysmith	15:15	16:30	16:15	
3.	Pongola	15:20	17:00	16:00	
4.	Ulundi	14:45	17:20	16:45	
5.	Melmoth	15:15	16:50	16:20	
6.	Eshowe	16:05	16:00	15:30	
7.	Empangeni	16:30	16:00	15:30	
8.	Richardsbaai	17:00	15:30	15:00	
9.	Utrecht	14:35		17:55	05:30
10.	Newcastle	15:20		17:15	04:45

PLEKKE WAAR BUSSE ARRIVEER / VERTREK

1.	Dundee	: Vrydag & Sondag	Magistraatskantore
2.	Utrecht	:	Solly Service Station (Engen Garage)
3.	Newcastlé	:	Oppad na Mittal Steel
4.	Pongola	:	Eerste Nationale Bank
5.	Melmoth	:	Langs hoofpad naby rugbyveld
6.	Eshowe	:	Dorp se sportgronde
7.	Empangeni	:	Dorpswembad
8.	Richardsbaai	:	McDonalds
9.	Laydsmith	:	Wimpy by Pick ‘n Pay

KONTAKPERSONE:

EMPANGENI: Mnr. Robin Vermaak - 082 774 9970

ESHOWE:	Mnr. Hennie Smit	-	082 323 2725
MELMOTH	Mnr. Gert Potgieter	-	082 784 2499
PONGOLA	Mnr. Nico Barnard	-	080 945 7168
RICHARDSBAAI	Mnr. du Plooy	-	082 6543089
NEWCASTLé	Mnr. B.J. Vorster	-	083 406 9379
UTRECHT	Vaatjie	-	083 297 5165
	Mev. Solms	-	083 280 0313
DUNDEE	Mnr. Hannes Meyer	-	082 355 2312
LADYSMITH	Mev. Vd Hoogen	-	083 783 7893